



MAAK EERS 'N AFSCRIF VAN HIERDIE DOKUMENT EN WERK DAAROP. MOENIE VRA VIR REDIGERING REGTE NIE.

SLIM BEMARKING HANDELSMERK MISSIE

LES 4

WAT IS JY BEREID OM TE DOEN OM JOU HANDELSMERK SE VISIE TE BEREIK?

- Hierdie oefening help jou om te verstaan hoe jy daar(VISIE) gaan kom
- Dit help jou om op koers te bly
- **'n Doel sonder 'n plan is net 'n droom - Brian Tracy**

Ander vrae wat jy ook vir jouself kan vra is...

- Wat is my belofte aan my kliënte?
- Hoe toegewy is ek om my VISIE te bereik?
- Daaglikse aksies gaan jou sukses weerspieël

Lees die boek – The Slight Edge - Jeff Olson (dit is nie verpligtend nie - net 'n baie goeie boek om lees)

- Wat kan jy elke dag doen?
- Wat kan jy elke week doen?
- Wat kan jy elke maand doen?
- Wat kan jy binne 'n jaar bereik?

MISSIE: Definisie van 'n Missie: Dit is 'n kort en bondige uiteensetting van die **doel en waardes** van die organisasie, asook sy **primêre doelwitte**. Die MISSIE stel 'n **duidelike rigting** vir die organisasie se aktiwiteite en fokus op **hoe** dit sy doelwitte sal bereik. Dit is meer aksiegerig en prakties gerig op die **kort tot medium termyn**.

Verskil tussen VISIE en MISSIE: **VISIE** kyk na **waar** die organisasie wil wees in die toekoms, terwyl die **MISSIE** beskryf **hoe** die organisasie van plan is om daar te kom.

Waarom bestaan hierdie besigheid?

Hierdie vraag help om die kern rede vir die besigheid se bestaan te identifiseer

ANTWOORD:

Wat is die langtermyn doelwitte van die besigheid?

Deur na die toekomstige doelwitte te kyk, kan jy 'n beter begrip van jou missie kry.

ANTWOORD:

Watter waardes en beginsels moet die besigheid weerspieël?

Hierdie vraag fokus op die morele en etiese aspekte van die besigheid se missie.

ANTWOORD:

Wat wil ek dat mense onthou of assosieer met my besigheid?

Deur na die gewenste persepsies te kyk, kan 'n persoon die rigting van sy missie verduidelik.

ANTWOORD:

Hierdie voorbeeld kan jou help om jou **MISSIE** te formuleer.

[Besigheid se doel] [op watter manier word jou doel uitgevoer] [die rede waarom die besigheid dit doen].

Formuleer nou jou MISSIE hieronder
ANTWOORD:

Hier is voorbeelde van bekende handelsmerke se missies ter inspirasie.

MEDI CLINIC: "Om gehaltegesondheidsorg aan ons pasiënte te bied deur middel van kundige personeel, innoverende tegnologieë, en 'n toewyding aan uitnemendheid.."

PICK N PAY: "Om bekostigbare voedselprodukte van gehalte aan ons gemeenskappe te voorsien, terwyl ons ook 'n verskil maak deur sosiale verantwoordelikheid en volhoubare praktyke"

TELKOM: "Om Suid-Afrikaners te verbind deur betroubare kommunikasiedienste, innoverende tegnologieë, en 'n toewyding aan ekonomiese groei.."

SLIM BEMARKING: Bemagtig Afrikaanse entrepreneurs om hul eie digitale bemarking koste effektief te doen.

KLEIN STAPPIES LEI TOT EKSPONENSIONELE GROEI!